# DIE SKIETLOOD

216e Uitgawe 21 Julie 2023 saam met Koersvas 216

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto


**DIE DORDTSE LEERREËLS**
**Teks: Besluit**

(Eerste deel) Die voorgaande is dan die duidelike, eenvoudige openhartige verklaring van die regsinnige leer aangaande die Vyf Artikels waaroor in Nederland verskil van mening is. Tegelykertyd is dit die verwerping van die dwalings waardeur die Nederlandse kerke 'n tyd lank in beroering was. Die Sinode oordeel dat hierdie uiteensetting en verwerping uit die Woord van God geneem is en met die belydenisse van die Gereformeerde Kerke ooreenstem. Hieruit blyk dit duidelik dat mense vir wie dit allermins betaamlik was, in stryd met alle waarheid, eerlikheid en liefde die volk die volgende wou wysmaak:

- dat hierdie leer 'n oorkussing van die duiwel en die sondige natuur en 'n vesting van die Satan is, waaruit hy vir alle mense hinderlae opstel, die meeste verwond en baie met pyle óf van wanhoop óf van sorgeloosheid dodelik tref;
- dat hierdie leer God tot outeur van die sonde, 'n onregverdige, 'n tiran en 'n huigelaar maak en dat dit niks anders as die herleefde leer van die Stoïsyne, Manigeërs, Libertyne en Moslems is nie;

1. dat hierdie leer die mense sorgloos maak en dat hulle hulle daardeur verbeel dat, op watter wyse hulle ook al leef, dit nie die saligheid van die uitverkorenes verhinder nie en dat hulle gevolglik sonder kommer allerhande afskuwelike sondes kan doen;
2. dat dit die verworpenes nie tot saligheid strek nie, selfs al sou hulle inderdaad ook al die werke van die gelowiges verrig;
3. dat volgens hierdie leer God enkel en alleen deur sy wilsbesluit en sonder oorweging of inagneming van enige sonde van enig-iemand die grootste deel van die wêreld vir die ewige verderf voorbeskik en geskep het;
4. dat net soos die verkiesing die fontein en die oorsaak van die geloof en die goeie werke is, die verwerping ook so die oorsaak van die ongeloof en goddeloosheid is;
5. dat baie onskuldige kinders van gelowiges van die moederbors weggeruk en op wreedaardige wyse in die hel gegooi word, sonder dat die bloed van Christus of hulle doop of die gebede van die kerk by hulle doop vir hulle tot voordeel kan wees.

**CONCLUSIO.**

*Atque hæc est perspicua, simplex, et ingenua Orthodoxæ de Quinque Articulis in Belgio controversis doctrinæ declaratio, et errorum, quibus Ecclesiæ Belgicæ aliquamdiu sunt perturbatæ, rejectio, quam Synodus ex verbo Dei desumptam, et Confessionibus Reformatarum Ecclesiarum consentaneam esse judicat. Unde liquido apparet eos, quos id minime decuit, citra omnem veritatem, æquitatem, et charitatem, populo inculcatum voluisse:*

*'Doctrinam Ecclesiarum Reformatarum de prædestinatione et annexis ei capitibus, proprio quodam genio atque impulsu, animos hominum ab omni pietate et religione abducere: esse carnis et Diaboli pulvinar, arcemque Satanæ, ex qua omnibus insidietur, plurimos sauciet, et multos tum desperationis, tum securitatis jaculis lethaliter configat: eandem facere Deum authorem peccati, injustum, tyrannum, hypocritam; nec aliud esse quam interpolatum Stoicismum, Manicheismum, Libertinismum, Turcismum: eandem*

*reddere homines carnaliter securos, quippe ex ea persuasos electorum saluti, quomodocunque vivant, non obesse, ideoque eos secure atrocissima quæque scelera posse perpetrare; reprobis ad salutem non prodesse, si vel omnia sanctorum opera vere fecerint: eadem doceri Deum nudo puroque voluntatis arbitrio, absque omni ullius peccati respectu, vel intuitu, maximam mundi partem ad æternam damnationem prædestinasse et creasse: eodem modo, quo electio est fons et caussa fidei ac bonorum operum, reprobationem esse caussam infidelitatis et impietatis: multos fidelium infantes ab uberibtis matrum innoxios abripi et tyrannice in gehennam præcipitari, adeo ut iis nec baptismus, nec Ecclesiæ in eorum baptismo preces prodesse queant.'*

**Kommentaar**

Die Dordtse leerreëls sluit af met 'n gevolgtrekking. Dit kom neer op 'n besluit wat die benadering en die inhoud van die teks bevestig. Die Remonstrante se Vyf artikels het beroering in Nederland en elders veroorsaak. Die Dordtse leerreëls het nou elkeen van daardie vyf sake aangespreek en effektief weerlê. Die regsinnige leer is tydens die weerlegging uitgelê en bevestig. Die sake wat onmin en beroering in die Nederlandse kerke gebring het, is aangespreek.

Daar is tydens hierdie kommentaar se inleidende opmerkings verwys na die klem wat op Skrif en Protestante regsinnigheid gelê is. Die Armeniërs se leerstukke het verskil van mening en gevolglik onrus in Nederland en elders tot gevolg gehad. Die Opstellers van die Dordtse leerreëls is daarvan oortuig dat hulle met hierdie dokument al die Remonstrante se argumente weerlê het en die basis geskep het vir die beroeringe om bygelê te word.

Na deeglike selfondersoek is die Sinode oortuig daarvan dat die argumente wat hulle gevoer het, uit die Bybel gefundeer is en in oorstemming met die Gereformeerde teologie is. Dit is belangrik om daarop te let dat die Sinode die gesag van die Bybel ononderhandelbaar ag. Geen ander bronne mag gebruik word nie. Daarmee saam was hulle daarvan oortuig dat die gereformeerde lens die korrekte een was om die Bybel mee te lees. Die Armeniese teoloë het ruimte gelaat vir ander bronne om ook 'n mate van gesag te hè.

Op grond van hulle oortuiging dat hulle suiwer Bybels oor die saak redeneer het, veroordeel hulle dan diegene wat 'n ander leer verkondig. Hulle beskuldig die Remonstrante van leuens, liefdeloosheid en oneerlikheid. Dit is dan die woorde wat die Remonstrasie beskryf; liefdeloos, oneerlik, leuens. Die Remonstrante se optredes was veral laakbaar omdat hulle sekere bewerings oor die suiwer leer gemaak het, te wete:

- Dat die leer oor die uitverkiesing in diens van die bose staan en deur die Satan gebruik word om mense af te rokkel van God. Volgens die Remonstrante het die uitverkiesingsleer tot gevolg gehad dat mense in hinderlae van die sonde gelei is, en erg geskaad of selfs geestelik doodgemaak is deur 'n sorgelose benadering tot sonde. Dit is nie waar nie. Die Uitverkiesingsleer is 'n troos-instrument in die hande van gelowiges om mekaar te bemoedig en ondersteun. Daarmee saam is dit 'n leerstuk wat die konsep van alle eer aan God onderstreep.
- Die Remonstrante het dit ook gewaag om te stel dat die uitverkiesingsleer die Here self die outeur van die sonde maak. Dit is nie waar nie. Die beskuldigings is met opset en uit gebrek aan begrip gemaak. Dit sou impliseer dat God 'n onregverdige tiran is wat die mens in die sonde dompel en hom dan daarvoor straf. Die uitverkiesingsleer is volgens die Remonstrante self die

herleefde leer van die Stoïsyne, Manigeërs, Libertyne en Moslems genoem. Daar is sekere implikasies wat hierby ingesluit word en weerlê moet word.

1. Daar word beweer dat hierdie leer die mense wysmaak dat die saligheid van die uitverkorenes so in yster gegiet is dat die mense sorgeloos lewe en in allerlei sondige lewens verval. Hierdie bewering word in onkunde gemaak. Die uitverkiesingsleer bied troos aan ware gelowiges wat die Evangelie reg verstaan. Die Uitverkiesingsleer koester gelowiges en moedig hulle juis aan om getrou te lewe en nie angstig te wees in oomblikke van struikeling nie;
2. Daar word beweer dat hierdie leer geen impak op verworpenes het nie, ongeag die aard van hulle geloofslewe;
3. Daar word beweer dat hierdie leer beweer dat God deur sy wilsbesluit die grootste deel van die wêreld vir die ewige verderf voorbeskik en geskep het;
4. Daar word deur die Remonstrante beweer dat hierdie leer van die Uitverkiesing die bron van alle goed en kwaad genoem word; aan die een kant is dit die fontein van die goeie en aan die ander kant is dit die diepe gat waaruit ongeloof en slegte dade ontspring.
5. Daar word beweer dat hierdie leer van die Uitverkiesing tot gevolg het dat onskuldige kinders van gelowiges sonder inagneming van enige faktore tot die verderf verdoem word.

Hierdie bewerings is duidelik emosioneel van aard en gegrond op die verkeerde verstaan van die aard en lokus van die leerstuk.